11 September 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom aan Ds Danie Mouton wat Hoogland vir die volgende paar Sondae met Woord & Hoogland-stories kom bedien.

Sondag, 11 September om 09:00 @ Hoogland

1 Korintiërs 1 :1-9 | Ds Danie Mouton

Pearston gemeente - Hout

NG Gemeente Pearston bring weer 500 sakke hout. Dit sal hierdie week afgelewer word. Bestel gerus op een van die volgende maniere : skakel die kerkkantoor / bestel Sondag by die erediens op die oranje bestelvorms by die deure / whatsapp jou bestelling na 079 815 9325.

Die Kerkkantoor sal laat weet wanneer u dit kan kom afhaal. **Betaling geskied by afhaal!**

Indien u verkies om elektronies te betaal gebruik asseblief die **verwysing:** HOUT & u naam, (bv.: HOUT Pieter) . Stuur bewys van betaling na leandra@pehoogland.co.za.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Danie Mouton

Lofkabouters tydens die erediens

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

Deurkollekte : SIM

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Program vir die week

Dinsdag: 13 September
14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 14 September
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 16 September
05:30 Mannebediening in die GROT

Hoogland neem afskeid van ...

Naas D'Assonville wat die afgelope week oorlede is. Sy diens was reeds Donderdagoggend om 10:30. Naas was vir 'n geruime tyd verbonde aan *Charis* sanggroep.

Hoogland Handelsware

Kontak asseblief die Kerkkantoor indien jy belangstel in Hoogland se Fees Handelware wat nog beskikbaar is -

- Handgemaakte houtpenne R80 (slegs 40 in totaal beskikbaar)
- Reisbekers R60 (laastes beskikbaar)
- 250g Filter Koffie R100

Hoogland nooi JOU hartlik uit om saam FEESpiekniek te kom hou!
Daar word 'n lekker kuiergeleentheid beplan met groot vure en springkastele vir al die Hooglandkinders!

Jy word ook genooi om 'n lekker poeding saam te bring - ons pak dit alles op 'n tafel uit en so skep jy vir jouself 'n bakkie "basaar" poeding!

Hoogland Jubeljaar: #47

Gaan doen hierdie week iets doodgewoon
maar met buitengewone liefde!

Excellence is doing ordinary things extroadinarily well !

Hoogland word 50 !!

Op 10 Oktober 2021 het Hoogland se Jubeljaar afgeskop met 'n Feesdiens.

Gedurende die afgelope jaar is Hoogland se 50ste bestaansjaar op verskillende maniere gevier!

Hoogland kyk terug na hierdie jaarlange feesvierings en onthou so paar feesoomblikke -

⇒ Hoogland se 50 Dade van Omgee
⇒ Hoogland se Visie wat voor in die kerk en by die hoofdeur aangebring is
⇒ Die voorportaal se nuwe voorkoms
⇒ Die gemeente se storielyn wat kreatief weekliks uitgebeeld word
⇒ Handelsitems wat oor die afgelope jaar te koop aangebied was : bv. Hoogland T-hemde / Reisbekers / Feeskoffie / Houtpenne ens
⇒ Ds Eugene Malan kom lei Hoogland met Week van Gebed
⇒ Ds Basie Fourie kom bedien Hoogland tydens Pinkster 2022
⇒ Ds Danie Mouton kom kuier met lekker, egte Hoogland stories.
⇒ LAASTE 2 GROOT FEES GELEENTHEDE IS:

- *Feespiekniek* : Sondag, 25 September om 10:00
- *Feesdiens & Tee* geleentheid: Sondag, 9 Oktober 2022 om 09:00

Daar word 'n lekker FEESPIEKNIEK beplan en die Hoogland-geloofsfamilie word uitgenooi om dáárdie Sondag saam te kom "partytjie" hou. Daar sal groot vure wees met springkastele en speletjies vir die kinders.

Daar word ook 'n poeding tafel beplan waar elke dame 'n poeding & vla bring en almal hulle kan bederf met 'n lekker bakkie "basaar" poeding! Volg asseblief die Hallo.Hoogland vir verdere reëlings.

Hoogland se Jubeljaar word dan afgesluit met 'n besonderse FEESDIENS & TEE - geleentheid na die diens. Daar is ook 'n verrassing of twee gedurende daardie erediens, so moet dit nie misloop nie!

Onbegryplike, onuitspreeklike, onvoorstelbare,

Onontsyferbare, onverganklike, ewige, almagtige,

Alomteenwoordige oorsprong,

Grond en bestemming van my bestaan:

Bron van alle lewe

Lig wat skyn in die duisternis

Fontein van lewende water in die woestyn

Waarheid waarop die ritme van my hartklop rym

Geheimenis van die heelal

Ewige Woord

U wat die Alfa en die Omega is

Die A en Z van die alfabet

Oneindige Begin, onverwoordbare Sin

U wat ek tastend en stotterend "God" noem:

Laat my tog in, tot diep binne-in u Stilte in.

(Gebed: Willie van der Merwe)